Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

# die Kerkblad

April 2024



Getsemané

Gabbata

Golgota

Die Graftuin

www. gksa.org.za




# Inhoud

April 2024

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**JAARGANG 125, NO. 3387,**
**April 2024**

1 VAN DIE REDAKTEUR
Die Paasgebeure – brandpunt van die wêreldgeskiedenis

UIT DIE WOORD
2 Getsemane – die ontsaglike prys vir ons betaal
4 Gabbata – 'n bisarre verhoor
6 Golgota – Simon van Sirene
8 Die Graftuin – Christus is ons lewende troos

9 Oor boeke en webtuistes
10 *Sorg met Eer* – ons het u hulp nodig

11 *Die Kerkblad* kuier by … Johan en Rina
14 Die Gereformeerde Kerke in Namibië
17 Kerkgroeideputate: opdrag en beplanning vir 2024 en 2025
18 Eers dit – Oor krisisse en kursusse
20 Is die kerk regtig God se huisgesin?
22 Kantaantekeninge oor 1 Timoteus 2:9 – 3:1

24 Kleinadvertensies

Korter nuusbrokkies deur die blad versprei

**REDAKSIEKOMMISSIE**
REDAKTEUR: Ds. C Aucamp
KOPIEREDAKTEUR: Mev. J Fourie
ADDISIONELE LEDE: Prof. J Smit, mev. V de Kock, mev. G Swanepoel, dr. EJ Smit, JG Noëth, prof. DF Muller, ds. GP Meijer

**Adresbesonderhede:**
- Die Redakteur, Die Kerkblad; e-posadres: anberg@absamail.co.za; sel. 082 377 1112
- Kopieredakteur, Die Kerkblad; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Angie, 018 297 3986; tydskrifte@gksa.co.za
- **Intekengeld** (Admin Buro, by ABSA rek. 670140040)

| | |
|---|---|
| Gedrukte weergawe sonder koerierkoste | R360 per jaar |
| Gedrukte weergawe in groep gekoerier | R540 per jaar |
| Elektroniese weergawe | R150 per jaar |
| Waar posadres nog verkies word | R570 per jaar |


**Nuwe of hernude intekening kan geskied deur die bewys van betaling saam met u naam, telefoonnommer, e-pos en fisiese adres te stuur aan tydskrifte@gksa.co.za. Intekening moet skriftelik gekanselleer word**

**DRUKKERS:** V&R Drukkery, tel. 012 333 2462




EIENAARS EN UITGEWERS
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.




# Die Paasgebeure:

## Brandpunt van die wêreldgeskiedenis



Ds. Cassie Aucamp

***Die Paasgebeure het oor drie, eintlik vier dae gestrek. Soos ons dit in hierdie uitgawe weer beleef: Getsemané, Gabbata, Golgota, die Graftuin.***
***Gebeure oor een enkele gelade naweek, daar in Jerusalem ... maar wat die middelpunt en die brandpunt van die wêreldgeskiedenis word.***

**Middelpunt**
Ons sê die middelpunt: So is dit inderdaad. Die kalender van die ganse wêreld word deur die middelpunt bepaal, die geboorte van Jesus Christus wat sou uitloop op daardie Paasnaweek. Voor Christus en na Christus. Of mense Hom verloën of misken, ons blote jaartal waaraan die wêreld gebind is, dit stel Hom in die middelpunt.

Die Bybel self word deur dié middelpunt verdeel: Ou Testament en Nuwe Testament.

**Brandpunt**
Maar die middelpunt word ’n brandpunt. En by brandpunt vra ek u om terug te dink aan die wetenskapklas op skool toe ons geleer het van ’n lens en die ligstrale ... en die brandpunt.

Die lig val op die lens en al die ligstrale word op een punt saamgetrek. Die son se strale word so deur ’n lens saamgetrek dat dit daar op die brandpunt begin rook en aan die brand slaan. Groot vure het al ontstaan as die sonstrale deur ’n bottelstuk op een brandpunt gekonsentreer word. En dan sprei dit weer uit. As ons na die wêreldgeskiedenis kyk, dan is die kruis en opstanding van ons Here Jesus, die Paasgebeure, so ’n brandpunt.

**Brandpunt van God se oordeel**
In die eerste plek natuurlik brandpunt van God se oordeel. Omdat God se strale van oordeel oor die sondes van die ganse mensdom, van die paradys af, deur die eeue wat was en wat sou kom, in ’n brandpunt op Jesus saamgetrek het. Die strale van God se skroeiende, regverdige oordeel oor alle sonde, ook jou en my sonde, brand in een skroeiende brandpunt op Christus neer. Daar aan die kruis as dit helder oordag middernag word. As God se oordeel so op Hom brand dat Hy moes uitroep: *My God, My God, waarom het U My verlaat?* Die kruis, die brandpunt van God se oordeel. Maar so volledig en voltooi dat Hy kon uitroep: *Dit is volbring. “Tetelestai”*, die woord wat dwarsoor ’n rekening geskryf is as dit ten volle betaal is.

**Die ligstrale konsentreer**
Maar onthou, as jy na die lens en die ligstrale kyk, dan sien jy hoe die ligstrale in ’n al kleiner konsentraat op een punt saamgetrek word, voor dit van die brandpunt af weer uitsprei, wyer en wyer. So was die Paasgebeure inderdaad ook die brandpunt van die wêreldgeskiedenis.

Het u al opgelet hoe die kring van gehoorsaamheid aan God in die tyd voor Christus al hoe kleiner en kleiner word? In die begin is in Adam en Eva die ganse mensdom inbegrepe. Dan word die skopus kleiner en kleiner. Eers net die geslag van Set. Dan Sem. Dan Abraham ... en weer kleiner, Isak ... Jakob later ... net die twee stamme van Juda en Benjamin, en steeds kleiner en kleiner. Net ’n ou oorblyfseltjie wat uit die ballingskap terugkeer.

En as ons Here Jesus dan uit die stam van Juda gebore word, kyk net hoe word die kring om Hom al hoe kleiner. Eers was daar die skare aan sy voete. Dan raak hulle weg, en Jesus vra vir sy dissipels: *Wil julle nie ook weggaan nie?*

Na bl. 3



# Getsemane:

## die ontsaglike prys vir ons betaal



Dr. PJ (Flip) Buys (emeritus)

***Matteus 26:37-38: Toe het Hy bedroef en beangs geword en vir hulle gesê: "Ek voel doodsbenoud. Bly hier en waak saam met My."***

***Lukas 22:44: Hy is deur intense angs oorval, en het nog ernstiger gebid. Sy sweet het soos druppels bloed op die grond geval.***

Een van die grootste gevare vir die Christelike kerk is goedkoop godsdiens. Om Jesus met ons hele hart te volg, moet ons besef watter ontsaglike duur prys Hy vir ons betaal het.

Die geskiedenis van Jesus se doodsangs in Getsemane gee 'n dieper kyk in die betekenis van sy verskriklike lyding vir ons. Die naam Getsemane beteken die plek waar olywe gepers word. Die aand voor sy kruisiging is daar egter nie olywe nie, maar bloed uit die Seun van God gepers om ons ewige redding te verseker.

**Jesus se verskriklike doodsangs in Getsemane**

Getsemane was geleë in die buitewyke van Jerusalem op pad na die Olyfberg toe. Jesus het hom dikwels daar afgesonder om te bid (Joh. 18:2).

Op die yskoue aand voor sy kruisiging het Jesus se sweet soos druppels bloed op die grond geval. In hedendaagse mediese navorsing word dit *Hematohidrose* genoem. Dit is 'n verskynsel wat soms voorkom by mense wat onder ontsettende intense spanning en stres verkeer. Jesus het 'n verpletterende, oorweldigende terneergeslae gevoel van verskrikking beleef.

Waarom? Hy het tog reeds geweet Hy gaan sterf. Hy het reeds meermale voor daardie aand vir sy dissipels van sy komende kruisdood vertel. Was Hy dan nou swakker as so baie van sy volgelinge – voor en na Hom – wat vreesloos 'n vervolgingsdood tegemoetgegaan het? Om dit te begryp, moet ons oplet wat Jesus gebid het: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie **beker** by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil."

**Die beker**

In die Bybel verwys die **beker** na God se regverdige oordeel en straf oor mense se goddeloosheid. Wanneer die Here sy oordeel oor die goddeloosheid van sy volk aankondig, dan word daar gepraat van *'n beker vol angs en skrik wat hulle leeg sal drink as straf vir hulle aanstootlike gedrag en onsedelikheid omdat hulle hul rug op die Here gedraai het* (Eseg. 23:32-35). Ons lees dikwels van die beker van God se toorn en God se grimmigheid (Jes. 51:17; Op. 14:10).

In Getsemane moes Jesus sy gewilligheid verklaar om die beker van God se toorn en vloek oor die sonde van die ganse mensdom op aarde te drink. In die tuin van Getsemane waar Hy homself dikwels afgesonder het om te bid, val Hy nou op sy knieë en smeek: "Abba, o Vader, alle dinge is vir U moontlik. Neem hierdie beker van My af weg – nogtans nie wat Ek wil nie, maar wat U wil."

**Die werklikheid van die hel**

Daar is mense wat sê: "Ek kan nie in die werklikheid van 'n hel glo nie, want my God is 'n god van liefde." Maar as daar geen hel is nie, dan het Jesus verniet na die aarde toe gekom; dan is alles wat met Jesus in sy lyding gebeur het, totaal sinneloos! Dan is Jesus se doodsangs daar in Getsemane maar net 'n aanduiding dat Hy minder dapper was as baie mense wat gewillig en vreesloos die dood tegemoetgegaan het.

As jy ’n god wil hê sonder die beker van God se oordeel, dan het jy eintlik ’n god sonder liefde – ’n god wat nie bereid was om die baie duur prys van God se oordeel wat op ons moes kom, op Homself te neem nie. Mense wat die bestaan van die volle verskrikking van God se beker van oordeel ontken, trek ’n streep deur die hart van die evangelie.

**Jesus se gewilligheid**
In Getsemane het Jesus getoon dat Hy bereid was om die hel van Godverlatenheid binne te gaan. Daarom bid Hy: “Nogtans nie wat Ek wil nie, maar wat U wil.”

So verstommend en verbasend is sy liefde dat Hy die straf van die hel, die beker van God se oordeel GEWILLIG in ons plek op Homself geneem het. Dit laat ons iets verstaan van wat dit beteken as daar in 1 Korintiërs 7:23 staan: “Julle is duur gekoop.”

Goedkoop genade is ’n dodelike vyand van die kerk en die samelewing. Dit hou in dat mense die waarheid van die Bybel afwater om die verskriklikste gruwels aanvaarbaar te maak. In die tyd van die Tweede Wêreldoorlog het Dietrich Bonhoeffer, wat Hitler gekritiseer het en in ’n konsentrasiekamp gesterf het, ’n boek geskryf met die titel: *Die prys van dissipelskap*. Hy spel daarin uit wat is goedkoop genade:

- Vryspraak van sonde sonder dat sondaarmense voor God deur geloof in Christus alleen tot redding gekom het.
- Dat daar vergifnis gepreek word sonder dat die noodsaaklikheid van belydenis en bekering verkondig word.
- Dat die doop in kerke bedien word, maar nooit meer kerklike tug toegepas word nie.
- Dat mense in die gemeenskap van die kerk opgeneem word sonder dat opregte belydenis plaasgevind het.
- Dat mense dink: “Laat ons in die sonde bly voortleef, sodat die genade kan toeneem” (Rom. 6:1).

**Die tuin van Eden en die tuin van Getsemane**
Sonde het begin in die tuin van Eden. Nou kom daar redding uit die tuin van Getsemane. Hy het die skuldbewys met sy aanklagte teen ons uitgewis (Kol. 2:14-15). DK

---

Van bl. 1

En eindelik ... net Hy, en Hy alleen, aan die kruis. Selfs van God verlaat. In die brandpunt van die wêreldgeskiedenis.

**Die ligstrale sprei uit!**
Maar dan, as Hy die derde dag opstaan, dan kring die lig uit en uit en uit. Eers die vroue by die graf, dan die dissipels, dan oor die 500 broeders tegelyk (1 Kor. 15:6 ). En Jesus se opdrag: *Julle sal my getuies wees in Jerusalem en Judea en Samaria, tot aan die uiterstes van die aarde.* En die Heilige Gees word uitgestort, en die boodskap kring uit, wyer en wyer. En die boek Handelinge word die boek van die middelpuntvlieënde krag van die evangelie, tot dit die wêreldstad Rome bereik.

Die brandpunt van Golgota en die oop graf word die evangeliepad wat oor die wêreld sprei. En God se genade brei uit tot alle volke. Christus se verdienste is nie net die betaling van my sonde nie, maar sy koninkryk wat kom en wat deurbreek, onstuitbaar.

O ja, ons mag dink ons leef in ’n tyd waar die kerk en die dinge van die Here al kleiner en kleiner word, maar steeds is die evangelie op sy uitbreidingspad in altyd wyer kringe.

**Totdat ...**
Totdat die eindpunt van hierdie bedeling bereik word, wanneer die lig wat van Golgota en die oop graf uitsprei, oor die ganse wêreld sal wees. As ons Here Jesus weer kom, en elke oog Hom sal aanskou en elke knie voor Hom sal buig. Wanneer sy koninkryk kom in al sy glorie en heerlikheid, oor alles.

Ek staan hierdie Paastyd stil, nie net by my persoonlike verlossing waar my sonde betaal is nie, maar by die koms van sy koninkryk in al sy heerlikheid. By die oorwinning van ons Koning oor al die magte van die wêreld. Ons leef in die tyd van die triomftog van die evangelie, al wyer en wyer, oor lande en volke en tale. Ja, totdat hierdie stukkende en oorloggeteisterde skepping self nuut sal wees: ’n nuwe aarde onder ’n nuwe hemel.

Dink so aan die gebeure van die Paasnaweek. Dis die brandpunt, nie net van God se oordeel wat brand op sy Seun nie, maar van sy oorwinning oor die ganse wêreld. Om uit te brei tot Hy alles en in almal sal wees. Dis die tyd waarin ons leef. Tyd van sy volle koninkryk wat kom! DK

# Gabbata

## ’n Bisarre verhoor





**Ds. HJJ (Hentie) Krüger (emeritus)**

***Matteus 27:22-31; Johannes 19:1-16***

Vroeg, baie vroeg die oggend van hierdie Vrydag, die laaste dag van Christus se aardse lyding, het die pyniging en vernedering van Jesus reeds begin. Die geestelike elite van Jerusalem het lankal die mes in vir Jesus: die hoëpriester en die hoofde van die verskillende priesterordes, Sadduseërs, Skrifgeleerdes en die hoofde van die invoedrykste families. Uiteindelik kry hulle nou hulle kans.

**Die klag**

Die klag wat hulle later voor Pilatus inbring, is klaarblyklik hier in die vroegoggendse vergadering aanmekaargetimmer. Die Sanhedrin het drie politieke aanklagte teen Jesus gebring: dat Hy die volk ophits; dat Hy hulle belet om aan die keiser belasting te betaal; dat Hy beweer dat Hy die Christus, die koning, is (Luk 23:2).

Indien hierdie klagtes teen Jesus, waarvan die Sanhedrin Hom beskuldig het, waar sou wees, sou Hy vir die Jode juis honderd persent aanvaarbaar gewees het! Maar al die haat teen Jesus het juis daaruit geblyk dat Hy nié vir hierdie dinge te vinde was nie, dat Hy geen politieke messias wou word nie. Maar nou sal die beskuldiging wees dat Hy dit juis wou word.

**Die proses**

Jesus is binne enkele ure nie minder nie as ses keer verhoor. Drie maal het Hy voor godsdienstige leiers, tereggestaan op aanklagte van ’n godsdienstige aard. Daarna was sy regters – ook drie keer – owerheidsinstansies, nie-Jode, en hierdie keer was die aanklagte uiteraard polities van aard.

Ons kan die volgende onreëlmatighede uitwys:

- Die verhoor van Jesus het nie op die gebruiklike plek plaasgevind nie, maar in die paleis van Kajafas (Matt. 26:57, 58). Die gebruiklike plek vir hulle vergaderings was in ’n saal by die tempelkompleks.
- Teen die beleid van die Sanhedrin het hulle gedurende die nag ’n sitting gereël om die saak af te handel. Hulle motivering was: *“Nie op die fees nie, sodat daar nie miskien oproer onder die volk kom nie”* (Matt. 26:5).
- Ondanks hierdie haastige afhandeling van die verhoor het die kruisiging tog plaasgevind op Vrydag, wat die 15de Nisan was, en dit was die eerste dag van die fees van die ongesuurde brode (vgl. Joh. 19:31). En op dié besondere dag was dit vir die Jood volgens die wet van Moses verbode om enige proses te loods. Dit word uitvoerig beskryf in Levitikus 23:5-7 (vgl. Eks. 12:16; Num. 28:18).
- Die klag word by minstens drie geleenthede gewysig om by die omstandighede van die Sanhedrin te pas.
- Met medewete van die Sanhedrin word die beskuldigde gegésel en gemartel en as ’n keuse teenoor ’n ander misdadiger gestel. ’n Ongerymdheid wat hulle maar net laat verbygaan het.
- Die Sanhedrin het nie gestem of Jesus skuldig was op die aanklag van godslastering of nie. Die hoëpriester, Kajafas, het net die uitspraak gegee: *“Hy is die dood skuldig”* (Matt. 26:66).
- Dit was die beleid van die Sanhedrin om ná die skuldigbevinding wat tot

die doodsvonnis sou lei, eers een dag in rou en vas deur te bring, maar nou word Jesus summier na Golgota geneem om gekruisig te word.

**Die regter**

Pilatus het werklik nie geweet wat hy moet doen met hierdie Jesus wat Christus genoem word nie. Vir sy gevoel was Jesus onskuldig. Om egter self heelhuids uit die situasie te kom, besluit Pilatus dis die beste om die skare te laat oordeel oor Jesus se lot. Die Jode dreig hom selfs met ’n klag wanneer hulle vir hom sê: “As u hom loslaat, is u nie die vriend van die keiser nie. Elkeen wat hom as koning voordoen is in verset teen die keiser” (Joh. 19:12). Pilatus is nou in ’n cul-de-sac. Hy besluit om Jesus te laat gésel.

’n Gésel was ’n kort sweep met verskillende riempies, en voor aan elke riempie is ’n stukkie been (soms ’n stukkie metaal) vasgebind, sodat dit behoorlik die rug van die slagoffer (of waar hy ook al geslaan word) oopruk. Ná die marteling en bloedverlies vleg die soldate van doringtakke ’n kroon en druk dit op sy kop. Hulle hang ’n goedkoop mantel om sy skouers en stop ’n riet in sy hand asof dit ’n septer is. So tussen die klappe wat hulle lustig uitdeel, huldig hulle Hom spottend: “Ons groet u, Koning van die Jode!”

Na die géseling laat Pilatus die bebloede Jesus staan op die Klipterras (Grieks: *Litostrotos* – met stene bedek; Hebreeus: *Gabbata*) – die vloer wat oopgegrawe is en vandag nog in Jerusalem te sien is! Hy laat selfs die regterstoel daarheen uitdra sodat die Jode nie na binne hoef te gaan en hulle vir die Pasga verontreinig nie. Daar gaan sit hy om die vonnis te vel: “Hier is julle koning!” sê hy aan die protesterende Jode wat nou skielik baie getrou aan die keiser is: “Ons het nie ’n koning nie; ons het net die keiser.” Dan gee hy Jesus oor om gekruisig te word (Joh. 19:13-16).

**Die betekenis**

As ons in ag neem dat dit nege-uur die môre was toe Jesus gekruisig is, is dit duidelik wat ’n klug die regsproses was. Ses verhore is agter mekaar deurgejaag. Wat ’n parodie van alles wat reg en billik is! Gabbata is maar net nog ’n moment op sy smartlike lydensweg. Terwyl Hy hierdie lydensweg bewandel het, het Hy die toorn van God teen die sonde gedra.

Nou is daar bo ons hoofde, in plaas van die donderwolk van die toorn van God, ’n geopende hemel met volsalige dieptes, waaruit die vriendelike lig van die aangesig van die Here ons toestraal. Die toorn van God is vervang deur die guns van God. Ons skuld is vervang deur die geregtigheid van Christus. Die ewige verdoemenis is vervang deur die ewige lewe wat Hy vir ons verwerf het. DK

## Ds. Peet Smit oorlede

Ds. Peet Smit, emerituspredikant van GK Daspoort, is op 8 Maart 2024 oorlede. Die Redaksie betuig innige simpatie aan mev. Babs Smit met die afsterwe van haar eggenoot, en ds. Christo en Cecilia van Vuuren van GK Hartbeespoort met die afsterwe van hulle vader/skoonvader. Daar sal in die volgende uitgawe van Die Kerkblad teruggekyk word op sy lewe en werk.









By die Admin Buro beskikbaar

# Golgota

## Simon van Sirene





Golgota – Plek van die Hoofskedel

**Dr. JH (Jan) van Jaarsveld**

Dr. Van Jaarsveld is 'n mediese dokter, en lidmaat van die Gereformeerde Kerk Lindley. Hierdie artikel is, in aansluiting met die Skrifgegewens, die neerslag van deeglik bestudeerde, betroubare buite-Bybelse bronne.

***Markus 15:21: "'n Sekere Simon van Sirene, wat van die platteland af gekom het, is gedwing om sy kruis te dra."***

Sirene was die hoofstad van die land in Noord-Afrika wat vandag as Libië bekend is (sien foto op bl. 5). Die stad is geleë op 'n plato, ongeveer 10 km van die Middellandse See. Sirene is deur die Grieke gebou, wat tydens die Romeinse oorheersing deel van die Romeinse Ryk was.

Rondom Sirene is daar vrugbare kontreie al langs die see af, na die suide van die woestyn. Noordwaarts lê die see aan die voetbanke van Rome en ooswaarts die tempels van Alexandrië. Daar was 'n groot aantal Jode hier in Sirene, en was feitlik 25% van die bevolking gewees. Vir hierdie Jode, wat as gevolg van die verstrooiing van die Joodse volk oor die hele wêreld, was dit dus ideaal om ten minste een keer na Jerusalem op te gaan, om groot Joodse feeste by te woon.

Selfs met Pinkster (Hand. 2:10) skryf Lukas dat daar uit die streke van Libië by Sirene Jode en Joodgenote teenwoordig was. Destyds was dit die gebruik om die plek waarvan 'n persoon kom, aan sy naam te koppel – dus Simon van Sirene. Hy was heelwaarskynlik 'n Jood, groot en fris gebou. Hy het 'n donker gelaatskleur gehad.

Hy is 'n seun van Israel wat hier onder keiser Tiberius se streng wette 'n bestaan moes maak. Die Evangelies, behalwe Johannes, meld dat hy buite van die veld af gekom het. Sy twee seuns is Alexander en Rufus genoem. Simon en sy seuns was wel bekend aan die gemeenskap. Opvallend is dat Paulus in sy brief aan die Romeine skryf (Rom. 16:13): "Groet Rufus, die uitverkorene in die Here, en sy moeder en myne." Rufus se ma (Simon se vrou) het op daardie stadium nog geleef, sodat Paulus haar ook (figuurlik) sy ma noem. Die logiese afleiding is dat Simon van Sirene en sy gesin Christene geword het.

Hoe het dit dan gekom dat al vier lede van Simon se gesin na alle waarskynlikheid Christene geword het? Die Via Dolorosa – hoe anders dan? Op pad na Golgota waar Jesus geloop en sy kruis gedra het. Hier was Simon teësinnig en onwillig om Jesus se kruis te help dra. In alle gebiede wat onder die Romeinse Ryk was, het die reël bestaan dat enige persoon deur 'n Romeinse soldaat beveel kon word om 'n las of vrag te dra – tot so ver as een kilometer (Matt. 5:41).

Die hele Jerusalem is in beroering. Almal weet van die kruisiging van 'n Man wat beweer Hy is die Koning van die Jode. Ook dat Hy godslasterlik praat dat Hy die Seun van God is. Hy is definitief nie die Messias nie – kon dan nie eers sy volk van die Romeinse juk verlos nie. Nee, vir seker dan 'n politieke rebel. Markus 15:14: "Kruisig hom, kruisig hom!"

Simon self is ook deel van die groot skare wat op pad is na Golgota waar die kruisiging gaan plaasvind. Die skare beweeg stadig, staan-staan. Naderhand kom die optog feitlik tot stilstand. Dit is die Nasarener wat die optog vertraag. Dit is Hy

wat elke keer struikel en dan gaan staan. Hy is krom onder die kruis. Elke keer as Hy nie verder kan nie, laat rus Hy die voet van die kruis op die grond.

Die hoofman oor honderd raak ongeduldig as die optog so sloer. Wat moet hy nou maak met die Man wat kragteloos, beseer en vol bloed hier voor sy voete lê? Dan sien hy Simon raak – die groot, sterk, forse man en vir seker iemand wat die dwarsbalk van 40 kg gemaklik kan dra. Simon, die eens onverskrokke en altyd in beheer in elke situasie, steier in sy voetspore. Hy kan en mag nie hierdie kruis help dra nie. Hy self het dan die Messias verwerp.

Simon verroer nie, sy kop suis en hy voel asof hy net hier wil wegkom. Die hoofman se kil, harde stem ruk hom terug in die werklikheid. “Dra die kruis”, klink dit in sy ore soos hamerslae. Hy kyk af na Jesus wat daar in die stof lê – uitgeput, verwese, bebloed, verneder en magteloos. Hy aarsel nie langer nie, maar skuifel vorentoe, gryp die kruis en stap met vaste tree saam met Jesus na Golgotaheuwel. Die optog begin weer uiteindelik beweeg.

Mense wat gekruisig is, was gewoonlik erge misdadigers of moordenaars. Dus vir Simon, ’n Jood, is dit kwalik ’n groter belediging en vernedering as om so ’n veroordeelde se kruis te dra – geen wonder hulle moes hom absoluut dwing om dit te doen nie (Mark. 15:21). As Simon net geweet en besef het dat dit die roemrykste taak van sy hele lewe sou wees!!

Wat ’n mens ook al vir Christus doen, is altyd die sinvolste werk wat jy ooit in jou lewe kan doen – selfs al moet jy sy kruis dra. Simon het vir seker nie by Golgota die kruis neergegooi en weggeloop nie. Hy wou sien wat gaan gebeur met die Man wie se kruis hy gedra het. Hy aanskou hoe Hy aan die kruis vasgespyker word – Hy skel of vloek nie soos die ander twee veroordeeldes langs Jesus nie. Inderdaad hoor hy wat Hy sê: “Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.” Hy hoor die uitroep: “Dit is volbring” (Joh. 19:30). Simon ervaar ook 12 uur die totale duisternis wat toesak. Hy voel hoe die aarde skud en bewe. Hy hoor hoe die offisier aan die voet van die kruis uitroep: “Waarlik, Hy was die Seun van God” (Matt. 27:54).

Hier het iets gebeur wat menslik onverklaarbaar is – voorwaar ’n Goddelike ingryping van Bo. As Christus sterf, kom selfs die skepping in beroering. Hoe na aan Jesus was Simon nie! Selfs Christus se bloed op die kruishout het aan sy arms en klere afgegee – ’n werklike bewys dat Jesus se bloed vir hom en alle mense gestort het tot volkome versoening van al ons sondes. Hoe het God se raadsplan hier nie twee mense bymekaar gebring nie?

Twee lande langs mekaar in verre Noord-Afrika, naamlik Egipte en Libië. Twee persone – die een in Egipte, naamlik Jesus as kind saam met sy ouers wat weggevlug het uit Israel vir die wrede Herodes wat Hom dood wou hê – die ander in Libië gebore as Simon van Sirene, die uitgesoekte Kruisdraer. Bogenoemde is miskien nie veelseggend nie, maar veel later, ongeveer 33 jaar, gebeur iets wat in God se raadsplan van ewigheid af vasgelê is. Hier by Golgota – wat ’n ironie! Nou nie meer twee persone van twee lande langs mekaar nie, maar sy aan sy beweeg hulle op die Via Dolorosa: Jesus, die moeë, bebloede, uitgeputte Messias, langs Simon, die groot sterk Jood, gebrei onder die Romeinse juk.

Geen woorde is hier nodig tussen die twee nie, maar slegs deur aanskouing en die besef Wie langs hom is, bring in Simon ’n ongekende rustelose verandering wat sy lewe totaal verander. Hier langs hom is die beste Prediker ooit wat die evangelie op wonderbaarlike wyse verkondig. Simon wat volgens die wette van Moses in die Ou Testament geleer het, ontvang hier sy eerste les en onderrig dat redding alleen kom deur die genade van onse Here Jesus Christus en nie deur wetsonderhouding nie.

Simon van Sirene se oë het oopgegaan en Hy het geglo. Sy bitterheid teen Christus het in geloof verander. Hy het ’n Christen geword!

**Skrifberyming 14-4:3**
*Mag ek al meer, as God se kind*
*die krag van Christus ondervind*
*Die krag wat my uit lyding, nood*
*met Hom laat opstaan, uit die dood*. DK

Oorblyfsels van die stad Sirene.




# Die Graftuin

## Christus is ons lewende troos



**Ds. DJ (Dirk) de Bruyn
(Mosselbaai)**



Die steen is weggerol.

***Lukas 24:1-10***

Die trauma wat die vroue 'n paar dae gelede aanskou het, was nog vars in hulle geheue. Jesus is voor hulle oë gekruisig. Daar was in hulle denke geen hoop nie. Hulle het die Sondagoggend gegaan om sy liggaam met nog speserye te salf. Hulle wou ook deelneem aan die proses, om sodoende hulle liefde vir Jesus te wys. Min wetende wat op hulle wag. Die graf was leeg …

Lukas verduidelik die warboel van emosies wat hulle ervaar het in vers 4. Hy sê hulle was verward en het nie geweet wat om daarvan te dink nie. Die Ou Vertaling sê hulle was in "verleentheid".

Hulle verwagting was nie om 'n leë graf te vind nie. Hulle wou net gemoedsrus hê deur finaal afskeid te neem van Jesus.  Hulle het troos by die graf gaan soek. Is dieselfde soeke nie by ons nie? Ons beleef hartseer in ons lewe en soek troos in dinge wat nie vir ons ware, lewende troos kan gee nie. Ons soek troos in verhoudings, sekuriteit, finansies en vele meer.

Ons moet onthou: ware, lewende troos is net in Christus te vind, wat ons vind in die feit dat Hy waarlik opgestaan het.

**Jesus het waarlik opgestaan**
Ons hoop is nie in opgemaakte stories nie, maar in Christus wat leef. Lukas en die ander evangelieskrywers verkondig Jesus se opstanding as 'n historiese feit. Hy het nie net in die dissipels se gedagtes opgestaan nie, maar wel fisies. Ons kan in hierdie gedeelte en die ander beskrywings van die Evangelies verskillende bewyse sien dat Jesus se opstanding 'n historiese feit is.

Eerstens was dit vir Jesus se volgelinge en die Jode duidelik, Jesus van Nasaret is dood. Die wagte het daarvan seker gemaak. Ná sy dood het hulle ook die graf bewaak (Matt. 27:66). Maar die Sondagoggend was die graf leeg. Dit kan net een van drie dinge beteken: óf die wagte, óf Jesus se dissipels het sy liggaam gesteel, óf Jesus het werklik opgestaan uit die dood.

Indien die wagte Jesus se liggaam gesteel het, sou hulle nie die storie in Matteus 28:11-15 opgemaak het nie. Hulle sou net Jesus se liggaam gewys en die storie van sy opstanding in die kiem gesmoor het. Die Romeine of Jode het dus nie die liggaam gesteel nie.

Dit is ook nie moontlik dat Jesus se dissipels die liggaam gesteel het nie. Hulle was totaal verbaas om van die opstanding te hoor en wou dit eers nie glo nie, soos ons in vers 11 lees. Wie sal sy lewe waag en bereid wees om doodgemaak te word vir 'n valse Messias? Dieselfde mense wat in vers 11 nie die vroue wou glo nie, het later hulle lewens gewaag vir die evangelie. Daar is dus net een moontlikheid. Jesus het werklik opgestaan!

Ons weet dit nie net omdat die graf leeg was nie, maar daar was ook mense wat Hom gesien het ná sy opstanding.

Tweedens beskryf Paulus al die ooggetuies in 1 Korintiërs 15:5-8.

Derdens het Jesus voor sy dood reeds vir die dissipels gesê dat Hy gaan doodgaan en na drie dae sal opstaan. Toe die vroue dus hoor van sy opstanding, het hulle onthou wat Jesus gesê het en dadelik geglo.

So kan ons verseker weet dat Jesus opgestaan het en dat Hy leef. Dit is nie opgemaakte stories waarin ons glo nie. Jy kan op Hom vertrou want Hy is die Lewende.

**Jesus Christus is die Lewende**
Die Bybel leer dat al drie Persone van die Drie-Eenheid betrokke was by die opstanding. Galasiërs 1:1 sê die Vader het Jesus uit die dood opgewek. 1 Petrus 3:18 sê die Heilige Gees het Jesus uit die dood opgewek, en in Johannes 2:19 sê Jesus Hy sal Homself uit die dood laat opstaan.

Hierdie gedeeltes wys ons dat Jesus deur God Drie-enig uit die dood opgewek is, om volledig die bande van die dood te breek. Ek en jy kan nou weet God Drie-Enig, wat alle mag in die Hemel en op aarde het, is ons Here. Hy is ons Koning deur Jesus Christus, die Lewende.

Ons moet mooi kyk wat daar in vers 5 aan die vroue gesê word. Daar staan: "Waarom soek julle die Lewende by die dooies?"

Christus is die Lewende. Lees gerus hoe ons opgestane Here dieselfde woord in Openbaring 1:18 gebruik. Dit het Johannes gevul met troos, en troos ons ook. Christus wat in sy glorie aan Johannes verskyn het, leef en is jou Here. Jy kan weet Hy sorg vir jou en troos jou deur sy Gees.

**Hy het opstaan, sodat jy getroos kan lewe**
Vir ons is die dood en opstanding van Jesus Christus nie net 'n wonderlike feit nie, maar dit verander ons lewe. Lees bietjie hoe stel Paulus dit in Filippense 3:8-11.

Elke stukkie seer wat jy in hierdie lewe beleef, moet jou laat dink aan jou Verlosser wat gesterf én opgestaan het om jou te verlos. Dit moet jou herinner aan die feit dat Hy die dood oorwin het, sodat jy vir ewig by Hom kan leef. Selfs in híérdie lewe het jy die troos dat Hy jou Koning is en vir jou sorg.

Daarom wil jy vir Hom leef en aan Hom gehoorsaam wees. Jesus Christus is ons Lewende Verlosser. DK

---

**Oor boeke en webtuistes**


Dr. Flip Buys

# 'n Roman oor die Paasgebeure

## Herinnering:

Kerkbladlesers kan gerus vir my inligting stuur oor boeke, publikasies en webtuistes wat Skrifgetrou is en Bybelse antwoorde gee op hedendaagse vraagstukke waarmee gelowiges en kerke te doen kry. My e-posadres is buys.flip@gmail.com

**AANGERAAK *in die maalstroom van die Paasgebeure***




Dr. Jopie Coetzee, skrywer, voormalige akademikus, en ingenieur, nou woonagtig in Mosselbaai waar hy ook as ouderling in die Gereformeerde Kerk gedien het, het hierdie merkwaardige roman geskryf. Hy het 12 jaar daaraan gewerk en dit sewe keer herskryf.
Dit vertel die verhaal agter die verhaal van die Paasgebeure. Dit gaan oor mense wat aangeraak is in die maalstroom van die Paasgebeure. Daar was baie gewone mense wat meegewerk het om die profesieë oor Jesus se kruisiging te vervul ... en tog het van hierdie mense vergete geraak.
Wat kon geword het van die wag wat sy hand teen Jesus gelig het? Die vroue? Hierdie mense se verhale oor hoe Jesus hulle kon aangeraak het, gaan jou in verwondering laat. 'n Resensie wat op die webtuiste van litnet verskyn het, skryf: *Elkeen van hierdie 42 verhale staan op sy eie, maar vorm saam 'n geheel as*

*roman. Wat opvallend is, is hoe die skrywer in al hierdie verhale met slim taktiek en fyn nuanses die leser lok om dieper te lees, dieper na te dink en emosies te ervaar asof die leser self dáár was soos die Paasverhaal in werklikheid, en in die boek, ontvou:*

*Deel 1: Jesus se salwing in Betanië tot die Laaste Avondmaal*

*Deel 2: Verraad, verhoor en vonnisoplegging*

*Deel 3: Géseling, bespotting tot Kruisiging*

*Deel 4: Begrafnis en Opstanding*

*Deel 5: Die Vroue wat Jesus uit hulle eie middele versorg het*

*Ek wil die skrywer gelukwens met hierdie unieke boek, veral met die visuele wyse waarop die vertelling aangebied is. Die beskrywende gebeure beeld naakte emosies uit wat die leser sal aangryp. Mag elkeen wat hierdie kragtige en stylvolle verhaal lees, aangeraak word soos baie deur die eeue heen, en nog steeds verwonderd wees dat Hy gekruisig is vir jóú.*

*https://www.litnet.co.za/aangeraak-in-die-maalstroom-van-die-paasgebeure-deur-jopie-coetzee-n-lesersindruk/*

**Boekbekendstellings oor die Paasgebeure**

Die lewe, dood en opstanding van Jesus Christus lê in die hart van die Christelike geloof en boodskap. Dit is Christus se oorwinning oor sonde en dood wat Christene, veral elke Paasfees, vier. Want soos RC Sproul gesê het: "Die opperste vyand wat menselewe teister – die dood self – word oorwin met die opstanding."

Op die webtuiste van Ligonier is interessante boekbekendstellings van relevante publikasies oor die ryk betekenis van die kruislyding en opstanding van Jesus. Kyk by: https://www.ligonier.org/learn/articles/recommended-resources-easter

- RC Sproul, The Truth of the Cross
- Gabe Fluhrer, Alive: How the Resurrection of Christ Changes Everything.
- James Montgomery Boice, The Christ of the Empty Tomb.
- John Calvin, Crucified and Risen: Sermons on the Death, Resurrection, and Ascension.

**Ds. Cassie Aucamp (Projekbestuurder)**

SORG MET EER

# SORG MET EER: Ons het u hulp nodig

**Die regte ding om te doen**

Tydens 'n besoek aan seker die bekendste sakeman in ons land, het ons gesprek daarop uitgeloop dat ek hom die vraag gevra het: Wat is integriteit? Sy antwoord het onmiddellik gekom: *Dis om die regte ding te doen.* Dit is inderdaad waaroor die *Sorg Met Eer*-projek gaan. Die Emeritaatsfondstrust (EVT) waaruit ons emeriti versorg moet word vir die diensjare voor 1994, was in 2022 feitlik leeg. Die noodgedwonge ding om te doen, is ernstig deur ons kerke oorweeg: om die versorgingsbedrag van ons emeriti en hulle weduwees deur die bank met 25% te verminder.

Ons het egter die regte ding gedoen, die enigste eerbare ding. Die nagenoeg 260 gemeentes wat in 1994 toegetree het tot die Emeritaatsversorgingskombinasie (EVK) het besluit om nie die versorgingsbedrag te verminder nie, maar om die nodige fondse met 'n spesiale projek, *Sorg Met Eer*, in te samel.

Die seën van die Here het nie uitgebly nie. Die belangrikste onmiddellike effek van *Sorg Met Eer* was dat die versorgingsbedrag toe nie met 25% verminder is nie, maar dieselfde gebly het, en dat ons inderdaad vir 2024 op 'n 2,5% verhoging kon besluit, amper die eerste keer in ses jaar.

**Die pad vorentoe – die hart van *Sorg Met Eer***

Anders as met ramings is die hart van *Sorg Met Eer* dat kerke en lidmate vrywillig, elkeen volgens eie vermoë kan bydra. Om dit te bereik, moet ons by ons lidmate kan uitkom, hetsy vir groter eenmalige of kleiner volhoubare bydraes. Hiervoor is die hulp, motivering en samewerking van ons kerke noodsaaklik. Ons moet eenvoudig by individuele lidmate uitkom wat in die posisie is om 'n stewige eenmalige bydrae te maak, maar ook by elke lidmaat. Baie klein stroompies maak 'n groot stroom. Ons gaan eersdags 'n kort video maak, en die versoek is dat u die video wat op pad is aan u gemeentelede op die grootskerm sal vertoon en ook via die elektroniese media aan elke lidmaat beskikbaar sal stel, tesame met die bankbesonderhede van *Sorg Met Eer* waar lidmate hulle bydrae elektronies kan inbetaal, met vermelding van die betrokke gemeente.

*Die Kerkblad* wil ook hierin met die hulp van ons lesers 'n rol speel. Ons gee hieronder die bankbesonderhede waar u as *Kerkblad*leser u bydrae kan maak. U is ook bewus van lidmate wat dalk in die vermoë is om tot hierdie eresaak by te dra. Gee asseblief aan hulle die inhoud van hierdie artikel deur, tesame met die bankbesonderhede.

**U kan u bydrae per EFT maak aan: Geref EM Sorgmeteer, ABSA Rekeningnommer: 670288412. Verwysing: SME, plus u naam en gemeente, as daar plek is. Stuur bewys aan: wymiedup@gksa.co.za**



*Die Kerkblad* **kuier by ...**

# Johan en Rina

## *Hulle lewe ... 'n Genadelied!*

Uitsonderlike gawes van ons Here; sy wonderlike beskikking in hulle lewens en loopbane; oorgegewe entoesiasme en harde werk, en les bes die PUK. Dit is die bakens wat uitstaan in die lewe van seker ons bekendste musiekegpaar: **Johan van Rensburg en Rina Hugo**.

**Ons bekendste musiekegpaar**

Hieroor kan daar min twyfel wees.

Johan: Alabama Studentegeselskap, Noot Vir Noot. Die Musiekfabriek. Daardie goue vingers wat met soveel vreugde en oorgawe oor die klawers gly. Met bekende komposisies en verwerkings waarvan ons dikwels nie eers weet dis syne nie.

En Rina: Daardie goue stem wat oor dekades heen in operas, in ons huise en kerke en konsertsale weerklink het en nou nog gehoor word. Duetmaat van ons drie voorste tenore: Manuel Escorcio, Gè Korsten, Jannie Moolman.

Tog die belangrikste duet: hulle huwelik wat 53 jaar gelede by die PUK en Alabama begin het. Hulle het mekaar aangevul en ondersteun, was in hulle loopbane ook 'n hulp wat by die ander een pas. *"Die Here het ons paaie, ook as kunstenaars, met 'n groot doel saamgevoeg en ons daardeur wonderlik geseën. Saam met ons kinders. Riaan het ook van musiek 'n loopbaan gemaak, en Anri, wat 'n fotomodel van beroep was, en deesdae grafiese kustenaar en entrepreneur is, is self 'n bedrewe musikant. Ons het die eise van mekaar se loopbane verstaan. Die een het die ander se raad en wenke altyd ernstig opgeneem. Ook kritiek, waarmee ons mekaar gevorm en geslyp het."*

**Die Here se pad met Johan**

Johan het in 'n musikale huis grootgeword. Pa Ivan, die onderhoof by die Hoër Tegniese Skool in Potchefstroom, het sy eie orkes, die Astra Orkes gehad, wat vir baie jare met dinees, troues en talle groot funksies regoor die hele Wes-Transvaal gespeel het. Johan het op ses jaar al begin met klavierlesse, maar Pa het hom vroeg reeds in ligte musiek ingelei. Op hoërskool het hy ook trompet en kerkorrel begin speel. Toe gebeur iets wat sy lewe onherroeplik sou verander. Die Alabama Studentegeselskap se trompetspeler het skielik siek geword, en net daar word Johan deur die bekende Bennie Bierman, musiekleier van Alabama, na die Totiussaal opgeroep. Twee dae later is die jong matriekseun saam met Alabama op toer, met hulle nuwe operette: *Aggenee Bettie*. Die res is geskiedenis.

Hoewel hy BSc begin studeer, hou hy aan met klassieke musiekopleiding en met talle ligte musiekoptredes saam met die Alabama Ritmegroep in die Totiussaal. In 1965 word hy musiekleier van Alabama en in 1966, reeds 'n vierdejaarstudent, skakel hy oor na BMus. Dieselfde jaar het Alabama se item van 'n paar liedjies met koor en orkes tydens die jaarlikse Lentekonsert die oog en oor van die PUK se bekende skakelman, mnr. JM Robinson, gevang. Oom Robbie, soos hulle

Johan in sy element.



hom genoem het, moedig Johan aan om 'n vollengte program, geskoei op dieselfde lees, saam te stel. Hulle besluit: Kom ons doen dit. Toe hulle plakkate moes maak, moes die program 'n naam kry. Die drukker in Klerksdorp, nogal 'n Jood, sê toe: *It sounds like a Revue*. Net daar is die naam *Revue 67* gebore, die eerste van 40 Revues! *"Ek moes by die huis in 'n woordeboek gaan opkyk wat beteken Revue."*

Die groep se gewildheid het geweldig toegeneem. Die eerste van talle langspeelplate volg en die Revuekonserte trek vol sale regoor die land. Die PUK besef: Hier het ons iets beet! Die Universiteit oorweeg dit om met ligte musiekopleiding te begin en in 1973 stuur die PUK vir Johan as Junior Lektor na Boston, Amerika om elektroniese en ligte musiek te bestudeer en daardie kennis te kom terugploeg. In 1971 reeds het een van talle Alabama-kyse voor die kansel van die Geref. Kerk Potchefstroom-Noord geëindig, Johan en Rina Hugo. Sy broer, Louis, word die nuwe musiekleier van Alabama.

Johan se loopbaan neem 'n nuwe wending as hy sy musiekvlerke sprei en hy en Johan Stemmet, sonder dat hulle van mekaar weet, albei op 1 Julie 1980 by die SAUK aangestel word as regisseurs. Hulle moes Afrikaanse Ligte Verskeidenheidsprogramme maak. Verskeie musiekprogramme en musiekverwerkings volg, maar nege jaar later verlaat die twee die SAUK om Stemmburg Televisie te vorm. Hieruit word Noot Vir Noot gebore en dit word deel van die volkshuishouding met nie minder nie as 47 reekse oor 'n tydperk van 33 jaar!



Die wegkruipdogtertjie sprankel agter die mikrofoon.

Vandag nog gly Johan se vingers oor die klawers en word sy musiekverkings deur menige kunstenaar met groot vrug gebruik. Hy komponeer talle TV kenwysies, onder andere *Nommer Asseblief*, *Die Kulkuns van Martino*, *Fiesta*, en rolprentmusiek soos *O Schucks, It's Schuster*, *Tolla is Tops* en veel meer. Johan se *Têkkie-Rag* CD's bereik goue status en sy kenwysie van die TV-dramareeks *Sondaarspoort* is vandag nog 'n treffer wat gereeld gehoor word.

**SY pad met Rina**

Die Doppermeisie van Springs het musiek in haar bloed en begin kleintyd reeds "klavierspeel" op 'n koffietafel. Haar ma begin geld spaar en in St. 4 koop sy vir Rina 'n klavier. In St. 6 besluit Ma haar dogter moet sanglesse neem. Sy doen 'n oudisie by mev. Prins, die sangjuffrou wat ook orrelis was in die Geref. Kerk Springs-Oos. Haar waardering? "Dis 'n mooi stemmetjie, maar ek glo nie daar sal veel van word nie!" Tog begin sy by haar met sanglesse.

Natuurlik moes die jonge Rina sing as daar kuiermense kom, maar: "Ek was so beangs dat ek betyds weggehardloop het of onder die bed weggekruip het! Kunswedstryde was een groot nagmerrie. Vrees om voor mense op te tree, sou my nog vir jare agtervolg." Dit sou later Johan en Alabama wees wat lei tot haar natuurlike sprankel op die verhoog.

Die "mooi stemmetjie" het ontwikkel en Rina meld in 1967 by die PUK aan om BMus met sang as hoofvak by Sarie Serfontein Theron te studeer. Hier hoor die musiekleier van Alabama, einste Johan van Rensburg van haar, en na 'n oudisie is sy deel van Alabama, tot groot ontsteltenis van tant Sarie wat gereken het die ligte musiek is nie goed vir haar stem nie. Later het die sangdosente agtergekom dat die verhoogblootstelling en die vermaaklikheidsidioom van Alabama van onskatbare waarde vir die sangeres was.

Tydens Johan en Rina se verblyf in Boston skryf Rina in by die hoogaangeskrewe *New England Consevatory of Music* en behaal haar MMus in sang. Hier doen sy waardevolle ervaring op in Opera en Lieder. Terug in Suid-Afrika word Rina sangdosent by die PUK en sing sy landwyd in Operas en Oratoriums. Haar persoonlike hoogtepunte was egter haar hoofrolle in die Streeksrade se produksies van *Sound of Music* en *The Student Prince*.

In die vroeë tagtigs verhuis Johan en Rina na Randburg, Rina toe reeds mammie van Riaan en Anri. Die lang tydperke uitstedig vir operaproduksies het 'n probleem geword, en nadat sy die ATKV se Crescendo-kompetisie gewen het, het die aandag na ligte musiek verskuif. Haar eerste langspeelplaat met *"Ek sien vandag die son weer skyn"* was 'n onverwagse sukses. Ook 'n beskikking, want aanvanklik moes haar groot vriendin Carike Keuzenkamp die lied sing,



Een van talle Alabama-huwelike.

maar sy gee dit vir Rina omdat die lied vir haar nie by haar stem pas nie.

Ná talle versoeke uit verskillende oorde begin Rina en Johan met konsertoptredes. Rina sing haar nuwe liedjies en Johan se orkes, wat later Die Musiekfabriek geword het, begelei. Sy het finaal haar keuse gemaak vir ligter musiek in die plek van opera en sy kon haar beroep saam met haar gesin beoefen. Rina was nou deel van Suid-Afrika se vermaaklikheidskunstenaars met talle goue plate op haar kerfstok. Sy toer en maak nuwe opnames saam met die Drakensbergseunskoor, Manuel Escorsio, Jannie Moolman en Gé Korsten. Sy beskou haar ses jaar saam met Gé as ’n baie kosbare tyd van haar loopbaan.

Talle optredes volg vir die Christelike Seemans-organisasie wat die evangelie bring aan matrose van skepe wat in ons hawens moet vasmeer. Die “wegkruipmeisie” van vroeër tree op met Kers-programme, Paasprogramme en ander gods-dienstige temas in meer as 400 eredienste, tot Covid dit sou stop.

**Soli Deo Gloria**
Oor hulle wonderlik geseënde loopbane is Johan en Rina met verwondering vervul oor wat die Here aan hulle geskenk en vir hulle beskik het. “Soveel onvoorsiene wendingspunte en deurbrake op ons musiekpad is net die beskikking van ons Here. Hy het ons telkens op die regte tyd daar geplaas waar die wonderlikste dinge met ons gebeur het. En Hy het ons geseën met vier pragtige en talentvolle kleinkinders.”

Oor hulle heel beste lied saam is Johan en Rina dit eens. Johan wou ’n spesiale verwerking van die Onse Vader vir haar maak. Die note het in sy kop bly maal, maar daardie spesiale deurbraak wou nie kom nie. Tot een Sondagaand toe hy uit die kerk kom. Hy het voor die klavier gaan sit en: “Dit was asof die note eenvoudig uit my vingers vloei … vanself. Een van ons heel mooiste stukke musiek. Die beste van al ons liedere het die Here eenvoudig vir ons gegee. *Soli Deo Gloria!*”

Anri, Johan, Riaan en Rina. Die Kanseliersmedalje waarmee die NWU Johan hier in 2014 vereer het, is sy kosbaarste besitting.




**Die meetsnoere in lieflike plekke**
Ek het na ’n sielsverrykende kuier van hulle keurige huis vol musiek en fotos in Midstream weggery met die besef dat hulle inderdaad die wonder van Psalm 16 hulle eie gemaak het:

*Wat ons ontvang het kom alles van U af.*
*‘n Pragtige deel is vir ons afgemeet.*
*Ja, wat ons ontvang het is vir ons mooi …*

Soos Rina dit so treffend sing met Johan se begeleiding: *U leef in my o Heer, en ek sal sing van al die wonders wat u liefde vir ons bring ... ’n Genadelied sing ek vir U.* DK

Johan en Rina deel graag hierdie opname van die Onse Vader met al die lesers van *Die Kerkblad*, met ’n spesiale versoek: Probeer dit deur jou HiFi luister, want die ordentlike bas en ware stereo maak daarvan die aangrypende lied wat dit moet wees.

**https://www.youtube.com/watch?v=yfLI6mWqfjshttps://www.youtube.com/watch?v=yfLI6mWqfjs**

Ds. JP (Jan) van der Walt (emeritus, Otjiwarongo)



# Die Gereformeerde Kerke in Namibië

Die 14 Gereformeerde Kerke in Namibië gaan voortaan meer selfstandig langs die GKSA funksioneer. *Die Kerkblad* gaan ons lesers in 'n kort reeksie meer daaroor inlig. Ds. Jan van der Walt, wat pas by Otjiwarongo geëmeriteer het, gee in hierdie artikel 'n kort oorsig met inligting wat die gemeentes aangestuur het.


---

In die uitgestrekte land van kontraste, Namibië, is daar 14 Gereformeerde gemeentes. Dit is mense wat swaarkry ken, ver van mekaar af bly, maar tog vashou aan hulle Hemelse Vader. Kom ons reis van noord na suid deur die land en leer hulle wel en wee ken.

**Oshakati**
'n Wonderlike suksesverhaal van kerkplanting in Ovamboland. Tsumeb het vir ds. Ruan Steyn beroep om die klein klompie Gereformeerdes in wyk Oshakati te bedien, asook met 'n groter visie om 'n gemeente tussen die mense van die gebied te begin.



Hart wie Kameldornholz ist unser Land




Die Here het in sy genade die mooi gawes van ds. Ruan gebruik sodat hierdie wyk gegroei het tot 'n sterk gemeente wat in die toekoms selfstandig kan funksioneer. Waarlik, God laat sy kerk groei.

**Tsumeb**
So 185 km noord van Otjiwarongo, lê Tsumeb. Eertyds was daar 'n kopermyn, tans is die myn toe. Die gemeente het 'n mooi balans tussen senior lidmate, gesinne en jongmense. Ds. Jaques Kuhn is die predikant. Die gemeente is baie aktief en ervaar die gemeenskap van gelowiges onderling.

**Grootfontein**
Hier in die verre noordooste, naby Boesmanland, lê Grootfontein. Eens 'n dorp vol van polisie en weermagmense. Nou baie uitgedun met 'n paar dorpsmense en 'n klompie boere. Hulle is min, maar werk

lekker saam. Tans is hulle besig om 'n nuwe predikant te beroep en word hulle deur ds. Kuhn van Tsumeb bedien. Mag die Here die regte dienskneg stuur.

**Biermanskool**
Die oudste gemeente, maar wat nog nooit hulle eie predikant gehad het nie, altyd in kombinasie met 'n ander gemeente. Nou het die wonderlike gebeur, hulle gaan saam met die NGK in Kamanjab 'n beroep uitbring. Die gemeente in die noordweste bestaan meestal uit boere wat in 'n harde, droë wêreld 'n bestaan moet maak. Hulle is blymoedige mense wat nie kla nie, hulle ondersteun mekaar en is honger om die Woord elke Sondag te hoor. Mag die Here hulle geroep antwoord deur iemand te stuur.

**Otjiwarongo**
Otjiwarongo is so 280 km noord van Windhoek op die deurroete na die noorde. Die gemeente bestaan tans uit omtrent 100 lidmate. Ons bedien die mense in Omaruru, 132 km na die weste. Ons nuwe predikantspaar, ds. Daniël en Rone Myburgh, het in Februarie by ons aangesluit. Ons werk in die gemeenskap heerlik saam met die ander kerke. Omdat ons 'n klein gemeente is, moet ons hard werk om die finansies te laat klop. Daar is vier markdae, baie gewild oor die lekker kos en samesyn. Die vyf Bybelstudiegroepe is sterk en help baie tot die geestelike groei.

**Okahandja**
Die gemeente Okahandja is oor vier jaar 'n halfeeu oud. In die 46 jaar wat die gemeente bestaan, het ons verskillende uitdagings gehad. Daar is groei in lidmaatgetalle, geestelik is daar 'n groei en dit word duidelik in die verskillende Bybelstudies en erediensbywoning. Maar saam met dit is die gemeente seker die bekendste vir die maandelikse Diakoniebraai. Van 'n klein begin tot waar die gemeente vandag is, kan 'n mens sien, soos Psalm 139 getuig van 'n stroompie wat die Godstad bly maak, so is hierdie gemeente ook die stroompie wat menigte mense in die gemeente en gemeenskap bly maak.

**Gobabis**
Die gemeente is gestig op 6 Junie 1930 en lê aan die ooste van Namibië – 'n distrik so groot soos die Vrystaat. Dit is 'n boerderygemeenskap met hoofsaaklik bees en wild. Tans is die gemeente sonder predikant – Dr. Theuns de Klerk het gehelp met bediening tot einde Februarie 2024. Die NG en Hervormde Kerke is ook sonder predikante. Die hele gemeenskap het ernstige bediening nodig. Verder is die boerderygemeenskap blootgestel aan wisselvallige reënval en dan ook die uitdagings van die politiek en kriminaliteit in die omgewing.


Gobabis, die oudste gemeente 1930.

Die visie van die gemeente is: "Laat die Christus LIG oor al die volke SKYN" (Jes. 8:23 – 9:6). Met dit voor oë word die prediking, huisbesoeke en kerklike aktiwiteite beplan en ingerig. Mag die Here ook vir die gemeente 'n herder stuur.

**Windhoek**
Die gemeente is vanjaar 86 jaar oud. Ons kon deur die geskiedenis heen getuig van die Here se getroue belofte om sy kerk in stand te hou. Sake wat 'n groot invloed op die gemeente gehad het deur die jare, was die onafhanklikheidswording van Namibië, erge droogtetoestande, beperkte werksgeleenthede en natuurlik die pandemie. Ten spyte van al hierdie sake bly ons steeds gemeente met 'n roeping om reformerend die lig van ons Koning hier uit te dra. Ons het baie om voor dankbaar te wees.

Alhoewel Namibië 'n baie veilige land is om in te woon, is die geleenthede vir jongmense om te studeer en werk, maar min. Die gevolg is dat daar 'n leemte is aan jonger lidmate. Ongeag hierdie realiteit het ons in die laaste jaar weer jong gesinne bygekry en kon ons die sakrament van die doop meer as gewoonlik vier.

Ons is vasberade om hier "Oppieberg" so te vergader dat ons die bruid van Christus mooi maak, terwyl ons ook sy lig weerkaats na ons naaste.

**Windhoek-Suid**
Hierdie gemeente het in 1988 tot stand gekom. Dit is 'n dinamiese gemeente wat bestaan uit ouer en jonger lidmate. Die mense werk lekker saam.



Walvisbaai.

**Walvisbaai/ Swakop**

Hier aan die Weskus van Namibië is twee gemeentes 30 km uitmekaar, maar in hulle harte een. Onder leiding van dr. Heinrich Zwemstra word daar by albei die dorpe elke Sondag eredienste gehou.. Die kerkraad is funksioneel, werk lekker saam, doen huisbesoeke en wend hulle gawes aan tot eer van God. Die diakonie versorg baie lidmate met die liefdesgawes wat hulle ontvang. Die gemeente het 'n baie lewendige sustersgroep. Dit is vir hulle belangrik om "Voetspore in die gemeenskap vir God 3-enig" te wees. Die gemeente is betrokke by Hippo-skool naby Gobabis. Die feit dat hier een gemeente, maar twee dorpe is, maak dit moeilik om dinge saam te doen.

**Hentiesbaai**

Die gemeente is aanvanklik vanuit Walvisbaai bedien, maar het in 2006 afgestig. Die afgelope jare word van emeriti gebruik gemaak om die gemeente te bedien. Tans doen dr. Callie Opperman hulpdiens daar. Die ongeveer 80 belydende lidmate bestaan meestal uit pensionarisse. 'n Handjievol lidmate woon op Usakos, wat ook deur die gemeente bedien word. Die gemeente is finansieel selfstandig en die diakonie kan ook lidmate, sowel as ander, in hulle nooddruf ondersteun. Die gemeente is 'n hartlike liefdesgemeenskap en staan hulle plek vol as draers van die lig van die evangelie in die vakansie- en pensionarisdorpie.



Hentiesbaai, die jongste gemeente, 2006.

**Mariental**

Op die stowwerige dorpie, 270 km suid van die hoofstad Windhoek, is die gemeente gedurende 1966 tot stand gebring deur 10 gemeentelede. Die gemeente bestaan tans uit 64 belydende lidmate en 14 dooplidmate. Die predikant, ds. Johan Dunn, bedien die gemeente in kombinasie met die Geref. Kerk Keetmanshoop en doen groot moeite om lidmate sover as Derm in die noorde, Maltahöhe, Aus, Lüderitz in die weste, Karasburg, Oranjemund, Alexanderbaai in die suide, en Aroab, Koës, Gochas, Aranos in die ooste te besoek. Die predikant se bedieningsarea is van die grootste in Suider-Afrika, met geweldige uitdagings aan die leraar en sy gade.

**Keetmanshoop**

GK Keetmanshoop het tans 151 lidmate (belydende en dooplidmate). Hiervan is 38 lidmate woonagtig in die Alexanderbaai-Oranjemund-RoshPinah-Luderitz-wyke. Verder is 49 lidmate boere en verspreidwonend (lidmate wat dus nie fisies in die dorpsgebied van Keetmanshoop woon nie). As 'n boer swaarkry, dan kry die kerk ook swaar. Die droogte het groot finansiële implikasies op ons dorp, sy mense wat dan weer deurspoel na ons gemeente toe.

Die geskiedenis het ook vir ons al gewys dat die kerk talle krisisse oorleef het. Daarom bly ons bid en glo tot ons Hemelse Vader vir uitkoms, en weet Hy sal voorsien soos Hy op sy tyd altyd doen. DK



Kokerbome by Keetmanshoop

Ds. Marcel Floor

expando

# Kerkgroei Deputate:
## *Ons opdrag en beplanning vir 2024 en 2025*

Die Kerkgroeideputate van die GKSA het die volgende opdrag van die sinode ontvang:

- Hulle moet die nodige doen om Expando volhoubaar te laat funksioneer. Expando is 'n kantoor wat baie van die take van die Kerkgroeideputate uitvoer. Reeds vir die laaste paar jaar is prof. Gert Breed in hierdie kantoor aangestel. Hy versamel relevante kerkgroei toerustingsmateriaal en preke en stel dit beskikbaar aan gemeentes. Hy reël ook konferensies, seminare en webinare, en fasiliteer dit om gemeentes en lidmate toe te rus. Hy besoek ook graag gemeentes om hulle te begelei, of werk saam met hulle oor die internet. Hy ondersteun die Kerkgroeideputate met al die fasette van hulle opdrag. Uiteraard het die Kerkgroeideputate groot waardering vir die rol wat prof. Gert Breed in die Expando-kantoor vervul.
- Die Kerkgroeideputate het verder die opdrag om gemeentes te ondersteun, veral deur predikante, ampsdraers en lidmate toe te rus. Soos reeds genoem, gebeur hierdie ondersteuning van gemeentes meestal deur die Expandokantoor, deur toerustingsmateriaal te ontwikkel en te bekom en beskikbaar te stel, asook deur toerustingsgeleenthede wat vir gemeentes aangebied word, in verskillende formate. Die Kerkgroeideputate het tot op hede al verskeie gemeentes toegerus en begelei in verskillende aspekte van gesonde kerkwees, en ook ander onderwerpe soos versoek. Die Kerkgroeideputate was ook al by verskeie gemeentes betrokke wat deur die Vlamvat-proses gegaan het. Die Vlamvat-proses is 'n 14 maande-begeleidingsproses om gemeentes te begelei tot gesonde kerkwees.
- 'n Volgende opdrag van die deputate is om spesifiek toerustingsmateriaal vir ouderlinge te ontwikkel en te bekom en dit aan ouderlinge beskikbaar te stel. Daar is reeds 'n reeks modules ontwikkel oor Bybelverklaring. Dit is tans beskikbaar by https://expando.thinkific.com/. Daar is ook 'n reeks modules ontwikkel oor gebed. Dit is tans beskikbaar by https://gksaportaal.co.za/expando/.
- 'n Verdere opdrag van die deputate is om predikante te ondersteun in die bediening. Hierdie bediening sluit in sake soos pastorale versorging, begeleiding in die herbeplanning van die gemeentebediening, ensovoorts.
- Die Kerkgroeideputate het ook 'n opdrag om uiteindelik al hulle materiaal beskikbaar te stel op een platform waar dit maklik bekombaar is en afgelaai kan word. Die platform wat op die oomblik hiervoor gebruik word, is: https://gksaportaal.co.za/expando/. Die deputate ondersoek ook voortdurend ander aanlyn moontlikhede wat kerkgroei kan stimuleer.

**Wat is die beplanning vir 2024 en 2025?**

Ons het 2024 reeds afgeskop met 'n reeks webinare oor gebed. Die reeks is baie goed bygewoon deur verskeie kerkrade, Bybelstudiegroepe en baie individue. Die Kerkgroeideputate het ook reeds afgeskop met 'n reeks van agt webinare oor gesonde gemeentes, wat begin het op 11 Maart 2024. Soos met die webinare oor gebed, sal Bybelstudies versprei word voor elke webinaar wat handel oor elke aspek van gesonde kerkwees. In die webinare sal die onderwerp aangebied word deur predikante en professore van die GKSA, en bespreek word. Aan die einde van elke webinaar sal praktiese riglyne gegee word wat gemeentes se kerkrade kan oorweeg, en daar sal ook relevante leesstof deurgegee word. Die agt webinare wat aangebied word, is:

| Datum | Onderwerp | Spreker |
|---|---|---|
| 11 Maart | Die rol van gebed en die Woord in die proses. | Ds Marcel Floor |
| 8 April | My identiteit in Christus begrond vanuit Efesiërs. Gesonde gemeentes is Evangelie-gedrewe en Christus-gesentreerd. | Prof Gert Breed |
| 13 Mei | Openbaring 2:5: *Dink daaraan hoe ver julle al agteruitgegaan het. Bekeer julle en doen weer wat julle in die begin gedoen het*. Die rol van die Heilige Gees in ware bekering.<br><br>Welstandopname / NCD. | Prof Jorrie Jordaan<br><br>Ds Griffel van Wyk |
| 15 Julie | Missie. Visie. Ontwikkeling van SMART aksiestappe en implementering. Maandelikse hersieningsvergaderings. | Ds Marcel Floor |
| | Gawes, passies en styl en belyn dit met funksies in die gemeente. Model vir diakonale bediening. | Prof Gert Breed |
| | Liefdevolle verhoudinge (koinonia).<br>Warm welkom in die gemeente.<br>Barmhartigheidsbediening. | Ds Piet Venter<br>Ds Marcel Floor<br>Ds Thomas Dreyer |
| | Dissipelskap en kleingroepe.<br>Leierskap identifikasie, ontwikkeling, ontplooiing. | Ds Jacques Tredoux<br>Ds Griffel v Wyk |
| | Ons groot opdrag: Matteus 28:19-20. Evangelisasie.<br>Kerkplanting. | Prof Flip Buys<br>Ds Kruger de Kock |

Indien jy nog wil inskryf vir die reeks van agt webinare, kan jy by die volgende e-posadres inskryf: gkexpando@gmail.com. Moet dit nie mis nie! Opnames van die aanbiedings sal ook na die tyd op die web beskikbaar wees.

Daar word ook ’n reeks van ses webinare beplan oor die kinderdoop, aangesien daar baie lidmate is wat vrae het oor die kinderdoop. Prof. Henk Stoker sal die webinare aanbied. Dit word beplan vir die Donderdae van 4 April tot 9 Mei 2024 van 19:00-20:00. Jy kan weereens by die volgende e-posadres inskryf: gkexpando@gmail.com. Moet ook hierdie reeks nie mis nie!

Wat die ouderlingtoerusting betref, is ds. Johannes Aucamp op die oomblik besig met ’n inleidende module oor die evangelie van die koninkryk, asook ’n module wat ’n oorsig gee oor die hele Bybel. Prof. Gert Breed is verder besig met ’n hele aantal modules oor pastorale berading. Verder word daar ook beplan om in die volgende twee jaar modules te ontwikkel oor preekmaakkunde, dogmatiek, kerkregering en kategetiek.

Die oogmerk met die webblad (https://gksaportaal.co.za/expando/) is om dit verder uit te bou, al die beskikbare toerustingsmateriaal daar op te plaas, dit behoorlik te kategoriseer vir maklike gebruik, en om dit uiteindelik deel te maak van die groter webblad van die GKSA. DK

---




Ds. Dirk Meijer (Bloemburg)

# Oor krisisse en kursusse



Sestien jaar gelede het ’n tydige boek op Amerikaanse bodem met titel *“From Embers to a Flame”* verskyn. Harry Reeder, wat as predikant in die *Presbyterian Church in America* (met wie die GKSA ekumeniese bande het) gedien het, spreek die probleem van kwynende gemeentes aan.

Op die eerste bladsye word ’n benouende beeld van ’n spesifieke kerk geskets: afgewaterde bediening, ywerlose ampsdraers, dalende getalle en gesekulariseerde lidmate.

Met dié werklikheid voor oë sou daar ongelukkig menige Gereformeerde Kerke se name by die beskrywing kan inpas. Die pad kan duidelik nie aangaan soos dit tans op verskeie plekke doen nie. ’n Bybelse antwoord op die kwessie is belangrik.

Die Bybelse beginsels vanuit bogenoemde boek, soos heelwat soortgelyke publikasies, is op ons eie bodem ontwikkel tot ’n verskeidenheid kursusse en programme wat aangebied word om die nood van kerke aan te spreek. ’n Gaping begin egter ontstaan tussen Bybelse beginsels en die fyn strategieë en stapsgewyse metodes wat vir kerklike herlewing uitgewerk word.

Op party plekke werk die strategieë, en die opwinding is groot (so lank as wat dit werk). Op ander plekke werk dit nie, en die skouers hang in nóg groter mismoedigheid. Dit is nodig om vir ’n wyle terug te staan en te oorweeg wat presies aan die gang is – nie net met die probleem wat ons ondervind nie, maar ook met die antwoord wat by wyse van kursusse en strategieë voorgehou word.

**Strategieë of ’n belydenis?**

Strategieë in verskillende leefruimtes is so oud soos die berge. ’n Verkoopsman volg ’n strategie om sy produk te verkoop. ’n Skool volg ’n strategie om sy kinders op te voed. Hoe meer tyd verloop, hoe fyner

word die strategieë: Doen dit, en moenie dit doen nie. Doen wat die beste werk. Dit loop uit op ’n komplekse raamwerk wat jou aan die hand neem om ’n gewenste uitkoms te kry. As jy A en B doen, dan sal C die eindproduk wees.

Dieselfde neiging kom te voorskyn in die strategieë wat vir die bediening in die kerk ontwikkel word. Dit wil selfs voorkom of die taal van die besigheidswêreld in die bedieningsruimte van die kerk insyfer. Visie- en missieverklarings moet die koers van die kerk aandui. Ouderlinge en diakens word voortaan “leiers” of “fasiliteerders” genoem, óf die sogenaamde “leiers” word ’n eiesoortige posisie langs, onder of bo die ouderlinge en diakens.

Die bediening word uiters kompleks, en dit vereis intensiewe opleiding aan die hand van kursusse dat almal op hoogte moet wees en inkoop by die unieke bedieningsplan van die gemeente.


As ons voor die Skrif te staan kom, is die bediening egter nie kompleks nie. Diepgaande, ja. Harde werk, inderdaad. Maar nie kompleks nie. Die bediening wat die Here aan sy kerk oplê, kom met ’n besonderse eenvoud: Verkondig die Woord (Matt. 19-20; Hand. 6:4; 2 Tim. 4:2)! Dít rig die volle bediening van die kerk.

Hierdie eenvoud bely ons in Artikel 30 van die Nederlandse Geloofsbelydenis: “Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word.”

Ons moet oppas dat hierdie geestelike bestuurswyse nie verruil word vir wêreldse strategieë en uitkomsgebaseerde bedieningsmodelle waar jy doen wat die beste werk nie.

**God se werk of mensewerk?**
Die Skrif praat die mees besondere taal oor wat die kerk in sy wese is: “liggaam van Christus” (1 Kor. 12:27), “tempel van God” (1 Kor. 3:16), “’n uitverkore geslag, koninklike priesterdom, ’n heilige volk, ’n volk as eiendom verkry” (1 Pet. 2:9), “die huis van God, wat die gemeente van die lewende God is en ’n pilaar en grondslag van die waarheid” (1 Tim. 3:15). Die kerk is dit alles, van God. Dit is syne. Christus het ten duurste betaal om die kerk sy eie bruid te maak.

Om hierdie rede moet die kerk des te meer besef dat die werk in die kerk, God se werk is. Hy bepaal hoe die kerk bedien moet word, en niemand kan dit beter voorskryf nie. Hy gee vir ons die genademiddele wat die hele bediening inrig en bepaal: die Woord wat verkondig moet word in die erediens sowel as in die leefruimtes van gelowiges en ongelowiges; die sakramente wat bedien moet word tot opbou en versterking van sy kinders; die gebede tot eer van God en ter wille van mekaar.




Dit is die genademiddele waardeur God deur die eeue heen sy kerk onderhou.

Die versoeking ontstaan om God se genademiddele aan te pas of uit te brei volgens menslike goeddunke. Verál as ons gekonfronteer word met nood in kerke, en dit lyk of die genademiddele van God nie werk nie. Inderdaad moet gemeentes deurlopend ondersoek of hulle besig is met die werk van God sóós Hy dit beveel het.

Nogtans moet daar gewaak word dat ons nie die middele wat God gee, vervang met dit wat mense bedink nie. Die kerk is nie die werk van mense nie, en ons is nie wyser as God nie.

Inderdaad beleef heelwat Gereformeerde kerke intense nood en druk. Ywerige, Skrifgetroue bediening is nodig. Die taak is egter nie om nuut uit te dink wat moet gebeur by wyse van strategieë nie.

Die Here roep wel op tot getrouheid aan die middele wat Hy reeds in sy alwysheid aan ons toevertrou het. DK

Na die drie artikels oor VIDA in die Maartuitgawe van *Die Kerkblad*, was daar heelwat versoeke om die twee standpunte oor die beslissendste Skrifdeel hieroor saam te publiseer. Prof. Jordaan se artikel het 1 Timoteus 2 reeds aangeraak. Die Redaksie het toe geoordeel om die debat af te sluit met twee verskillende interpretasies van die 1 Timoteus-teks. Die een is deur dr. Petrus Venter, wat sterk fokus op die openbaringshistoriese argument, en die ander deur dr. Wim Vergeer, wat op die eksegetiese van 1 Timoteus 2 as sodanig fokus.
Soos in die Rapport aan die Sinode in 2009, toe die twee standpunte in kolomme teenoor mekaar gestel is, en besluit is dat die verskille op eksegetiese sintese berus en nie op verskil oor Skrifgesag nie, stel ons hierdie twee artikels na mekaar, sodat die lesers daarvan op hoogte sal wees.
Die Redaksie verwys lesers na die artikels van prof. Jordaan en ds. Kurpershoek in die Maartuitgawe. Hiermee stap ons af van die onderwerp. – Red.

**Dr. Petrus Venter (Postmasburg)**

# Is die kerk regtig God se huisgesin?



## ... waar die man hoof moet kan wees? ...

**Die kerk as God se huisgesin**

As kerk van die Here is ons huisgesin van God. Die sentrale gedagte in van Paulus se laaste briewe laat hieroor geen twyfel nie. 1 Timoteus 3:5 spreek in al ons Afrikaanse vertalings ewe duidelik. Die 2020-vertaling stel dit: “Maar as ek vertraag word, moet jy weet hoe jy jou moet gedra in die huishouding van God: dit is die kerk van die lewende God, ’n pilaar en ’n fondament van die waarheid.” Die 1983-vertaling noem die kerk die “huisgesin van God”.

Hierdie huisgesin moet “draer en beskermer van die waarheid” wees. Deel van die waarheid wat ons moet dra en beskerm, is om vas te hou aan die mooiste en blywendste instelling wat daar seker op aarde kan wees, om as huisgesinne op hierdie aarde te mag lewe. Daar kan op hierdie aarde sekerlik nie ’n mooier instelling en skepping vir mense wees as dit wat ons die huwelik noem nie. Vanuit die huwelik word die verbande van huisgesinne ook weer tot groter eenheid gebring, wat uiteindelik dan God se huisgesin, God se kerk hier op aarde mag wees.

**Die man as hoof van sy huisgesin**

Vir God is mans en vroue ewe belangrik; tog, as God met sy huisgesin handel, dan handel Hy nie anders as wat Hy wat God is ook met sy instelling naamlik die huwelik handel nie. Met die huwelik in God se Naam mag daar nie twyfel wees dat die man hoof van sy huis moet en kan wees (vgl. Ef. 5:21-24). ’n Man wat sy eie huisgesin nie goed kan regeer nie, mag nie vir God ouderling of diaken wees nie (1 Tim. 3:4, 12). Weereens lê God die nouste verbande dat wat in die huisgesin gebeur staan, onlosmaaklik is van wat met die ampte in die kerk moet gebeur.

**Hoofskap in Christus is beslis geen baasskap voor God nie – dit geld vir dié man**

’n Man wat goed regeer, is ’n man wat na Christus opkyk. So ’n man is iemand wat hom nie skaam as dit tyd geword het dat hy by wyse van spreke sy bokleed sal uittrek en almal wat in sy huis is, se vuil voete was nie. Sy vrou se voete met sy bokleed afdroog as dit daarop aankom.

’n Man wat sy hoofskap nie as status of as baasskap of as ’n tipe wêreldse posisie tipeer nie, so asof hy hiërargies in ’n posisie hoër as vroue staan nie. So asof hoofskap ’n outoritêre mag beteken wat mans hulleself oor alle vroue mag toe-eien, want God het hulle daardie mag gegee. Wie dit vandag dink, is

ver verwyder van Christus, is baie ver verwyder van hoe Christus sy gesag en sy hoofskap in sy kerk laat geld.

**Die Here maak sy verbondsonderrig nog meer intiem – dit geld vir dié vrou**

As Paulus van vroue se versiering praat (1 Tim. 2:9,10) en selfs hulle baarmoeder (1 Tim, 2:15), dan bedoel hy die mooie van 'n werklike mooi vrou is nie die uiterlike nie, maar die innerlike. Die stille innerlike wat geen man 'n ware vrou of 'n mooie moeder kan nadoen nie.

As sy kinders in God se huisgesin gebore laat word, vanuit haar huisgesin, dan is hulle inderdaad Christus se kinders wat sy vir Hom in hierdie huisgesin van God laat inkom.

Die vrou is die enigste wat as reeds verloste hierdie wonderlike verlossing wat sy in Christus reeds ontvang het, op so 'n besondere wyse tot uitdrukking kan bring. Die vrou wat nie kinders kan hê nie of die ongetroude vrou deel weereens verbondsmatig in wat die vrou met haar kinders die ander vrou mee kan voorgaan.

Die gemeenskap van heiliges is op die wyse ook 'n besondere gemeenskap van vroue, getroud of ongetroud, verlostes met kinders netsowel verlostes sonder kinders (1 Timoteus 5 handel in besonder oor die pragtige verbande en verhoudinge en verpligtinge wat daar tussen vrouens in die Here se kerk kan en mag wees)!

Hulle as vroue mag deel in die verlossing wat Christus uitsonderlik die vrou die getuie maak van lewe wat verder en dieper spreek as hierdie aardse lewe. Dit geld alreeds vanaf die leë graf. Dit word vanuit hulle diepste binneste 'n stem wat nie stilgemaak kan word nie.

**Waarom moet sy dan in die erediens stil wees?!**

Die vrou wat nie leraar, predikant, opsiener of ouderling in die Here se kerk mag wees nie, mag dit nie as verkleinerend beleef nie. Die Here sal nooit enige van sy kinders verkleineer nie. 1 Timoteus 2:12-13: "Ek laat haar nie toe om daar onderrig te gee of oor die man gesag uit te oefen nie; sy moet stil wees. Adam is immers eerste gemaak, Eva daarna. Dit is ook nie Adam wat verlei is nie, dit is die vrou wat haar laat verlei het en die gebod oortree het."

Hier gaan dit duidelik om twee dinge. Dit gaan weereens om 'n man wat in sy huwelik, sy gesin, maar ook in God se gesin hoof moet kan wees. Sy gesag is die regte toepassing van hoofskap, maar dit gaan ook om die skeppingsorde. Die man se hoofskap wat vanaf Adam geld, is in die verbond van God gesetel en word steeds so tot orde gebring. As Adam werklik sy huis met Eva goed regeer het, dan was daar nie 'n sondeval nie.

Die eerste verbondshoof was Adam en in hom het die hele kerk van God se verbondenheid gelê. As Eva alleen geval het en Adam was bereid om haar reg te help, weg te lei, weg van die boom en wat alles daarmee sou saamgaan dan het die hele wêreld nie in sonde geval nie. Die vrou was leidinggewend in die sonde en dit is wat sy nie moes wees nie. Sy het die man anders wou leer waar die man dit nie moes toelaat nie.

In die erediens moet sy nie leidinggewend wil wees nie, want word dit elke keer 'n skerpe herhaling van die uitdaging wat die skeppingsorde so 'n wonderlike orde gemaak het, maar maak die mens daarvan 'n gemors, dan word dit 'n groot gemors. Die Here stel dit dat 'n vrou haar stilweg moet laat onderrig, waar die man ook een moet wees wat hom laat onderrig het voor hy sy vrou kan onderrig en leiding kan neem. Ons moet altyd bereid wees om nog weer te leer. Net vóór Jesus van die aarde na die hemel opgevaar het, was dit deel van sy sendingopdrag: "... leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."


**Voorgaan en voortgang**

As die Here sê: "Ek laat nie toe dat 'n vrou onderrig gee, of oor 'n man gesag uitoefen nie", dan geld dit vir binne die erediens waar vroue onder toesig van die ouderlinge in 'n erediens bymekaar is. 'n Ouderling is dan juis die man wat ons later in 1 Timoteus 5:17 ook sien: "Die ouderlinge wat goeie leiding gee, behoort dubbele erkenning te kry, veral dié wat hard werk deur te preek en onderrig te gee."

In die leiding, die prediking, die onderrig moet die man in God se kerk vir die vrou in God se kerk voorgaan. Dit bring vanuit die skeppingsorde 'n wonderlike voortgang in God se kerk, sy huisgesin.

DK

Dr. Wim Vergeer (Krugersdorp)



# Kantaantekeninge oor 1 Timoteus 2:9 – 3:1

As vrug van die Reformasie bestaan die kosbare Gereformeerde tradisie dat gewone lidmate ook self die Bybel kan lees en verklaar. Die bekende *Statenvertaling* het dan ook in opdrag van die Sinode van Dordtrecht met kantaantekeninge verskyn om lidmate hierin te help. Dirk Postma vra in sy *Handleiding voor de Godgeleerdheid* (1875:40) of gewone lidmate ook 'n oordeel mag vel oor die betekenis van die Skrif, en sê: *"Hij mag niet alleen, maar word als redelijke wezen daartoe van God verplicht."*

Gereformeerde lidmate het dus ook die roeping om hulle uit die Skrif te verantwoord oor die vraag of vroue as diaken, ouderling of predikant mag dien. Die besluite hieroor kan nie sonder meer maar net aan dominees wat van die kansel af uitsprake maak of aan kerklike vergaderings oorgelaat word nie.

Indien daar verskille is, meen Postma (1875:42-43) berus die finale besluit nie by 'n enkele persoon (soos die pous) nie, maar ook nie by kerklike vergaderings nie. Kerklike vergaderings het al te dikwels verkeerde besluite geneem (bv. met die terdoodveroordeling van Jesus en die uitbanning van Luther). Die finale oordeel lê volgens hom (1875:44) by die Heilige Gees wat deur die Woord werk. Gewone lidmate moet dus deur die Heilige Gees en die Woord oortuig word.

In hierdie lig bied ek op versoek 'n paar (geensins volledige) kantaantekeninge by 1 Timoteus 2:9 – 3:1 met die bedoeling om te *ge*tuig oor wat ek meen daar geskryf staan. Dit is die Gees wat moet *oor*tuig.

1. Die voorskrifte aan vroue in 1 Timoteus 2:9-3:1 hang nie in die lug nie. Hulle vloei voort uit Paulus se uitspraak in 2:3 dat God wil dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom. Paulus wil homself en die gelowiges van Efese (62-63 nC) hieraan diensbaar stel (2:5-7).

- Dit is met hierdie doelwit in die oog dat Paulus dan in vers 8 sê: "Ek wil dus hê ...", en dan volg die opdragte aan mans (2:8), en daarna "net so ook ...", en dan volg die opdragte aan vroue (2:9-3:1).
- Verantwoordbare eksegese verstaan dus dat die voorskrifte in 1 Timoteus 2:8-3:1 daardie spesifieke gedrag aandui waardeur gelowiges die verspreiding van die evangelie in Efese kan bevorder.
- So wil Paulus vir die Jode 'n Jood en vir almal alles word om in elk geval sommiges te red (1 Kor. 9:19-23).

2. Die woorde "by elke plek van samekoms" (2:8) en "in die erediens" (2:11) wat in die 1983-vertaling staan, kom nie in die Griekse grondteks voor nie (vgl. die 1933/53- en 2020-vertaling), maar is invoegings deur die vertalers wat meen dat dit hier om erediensvoorskrifte gaan.

- Dit is egter duidelik uit die voorskrifte self dat hulle op die algemene lewe afgestem is. Die "onmin en twis" (2:8) waarvan die gelowige mans vry moet wees, vind in die algemene lewe plaas, en so ook die "goeie werke" waarmee die vroue hulle moet versier (2:10). Vroue se volharding in geloof, liefde en 'n heilige lewe, en hulle redding deur moederskap (2:15) vind eweneens nie in die erediens plaas nie.
- 1 Timoteus 2:9-3:1 bepaal dus nie ewiggeldende ordereëlings vir die erediens nie, maar word gegee om die hierbo gestelde godgegewe doelwit (om alle mense te red) in Efese te dien.

3. In die 2020-vertaling word die eerste woorde van 1 Timoteus 3 ("dié uitspraak is betroubaar") by die voorskrifte aan vroue in 1 Timoteus 2:9-15 gevoeg.

- Die samesteller van die bronteks (*United Bible Society*) het hierdie tipografiese wysiging gedoen omdat van die oudste manuskripte die daaropvolgende woorde in 1 Timoteus 3 ("as iemand ...") met 'n

hoofletter laat begin.

- Hierdie wysiging het besondere betekenis, omdat die woorde "dié uitspraak is betroubaar" in die Pastorale Briewe telkens gebruik word om gesagvolle uitsprake of aanhalings aan te dui wat reeds in die leefwêreld van die eerste hoorders bekend is (vgl. 1 Tim. 1:15, 4:9; 2 Tim. 2:11; Tit. 1:13).
- Soos gelykenisse, het sulke aanhalings 'n beperkte doel. Wanneer Paulus byvoorbeeld Epimenides van Kreta aanhaal, wat sê dat die Kretensers altyd leuenaars, ongediertes en lui vrate is, en dit as 'n "waar woord" tipeer (Tit. 1:12-13), dan is die bedoeling sekerlik nie om alle Kretensers van alle eeue te etiketteer en te diskrediteer nie.
- Behalwe die aanduidings in die oudste manuskripte is daar ook stilistiese, strukturele en inhoudelike oorwegings wat daarop dui dat die motivering van die voorskrifte aan vroue (1 Tim. 2:13-15) 'n aanhaling is. Hierdie aanhaling is egter omstrede en moeilik verstaanbaar, omdat dit impliseer dat gesag aan skeppingsvolgorde gekoppel word ("Adam is eerste gemaak"), vroue meer doemwaardig as mans is, ("Eva het haar laat verlei") en vroue die saligheid verkry deur kindergeboorte ("sy sal redding vind in moederskap"). Nêrens in die Skrif word gesag egter aan skeppingsprimaat gekoppel nie; en, alhoewel Eva verlei is, was Adam by haar en saam met haar ongehoorsaam (Gen 3:6). Verder weet ons dat ook vroue deur geloof in Jesus Christus gered word en nie deur kinders in die wêreld te bring nie.
- Die drie teologiese idees in 1 Tim 2:13-15 kan wel nie in die Skrif teruggevind word nie, maar uit ander bronne weet ons dat dit bekende slagspreuke van die eerste-eeuse Judaïsme was.
- Dit kan dus voorsien word dat Paulus hier die gelowige vroue van Efese aanmoedig om hulle ter wille van die evangelieverkondiging te skik by voorskrifte wat in pas is met die eerste-eeuse Judaïstiese lewens en wêreldbeskouing van die omgewing waarin hulle woon.
- 'n Vergelykbare scenario sou wees as 'n Christensendeling en sy vrou vandag geroep word om die evangelie te verkondig in 'n land wat deur die Taliban regeer word. Voorskrifte vir bepaalde gedrag en kleding sal dan noodsaaklik wees. Nie omdat dit die hart van die evangelie raak nie, en nie omdat hierdie voorskrifte altyd moet geld nie, maar juis om die verkondiging van die evangelie te bevorder.

4. Die huidige Gereformeerde standpunt oor 1 Timoteus 2:12, soos verwoord in verskeie besluite van die Sinode, dat vroue wel mag regeer (deur te stem, diakens en lid van die kerkraad te wees), maar nie mag regeer deur te leer nie (deur ouderlinge of predikante te wees), is in stryd met wat die grammatika van die teks toelaat.

- Vers 12 stel baie duidelik (ook in die Griekse grondteks) dat vroue nie mans mag leer of oor hulle mag regeer nie.
- Die Griekse (en Afrikaanse) taalkonstruksie wat hier gebruik word, laat glad nie toe dat net een van die sake wat hier genoem word, verbied word en dat die ander een dan wel toegelaat word nie. Baie duidelik, volgens die reëls van die grammatika, word al twee aktiwiteite, "leer" en "regeer", selfstandig en naas mekaar verbied.
- Dit is prakties ook onmoontlik vir 'n vrouevoorsitter van die diakonie om "te regeer" sonder om haar mede-diakens uit die Skrif "te leer".

5. Indien die voorskrifte in 1 Timoteus 2:9-3:1 wel as voorskrifte vir die erediens beskou word, is die selektiewe toepassing hiervan in die Gereformeerde kerkpraktyk nie versoenbaar met die standaard van gesonde Skrifuitleg nie.

- Slegs een voorskrif (vroue mag nie leer of regeer nie [2:11]) word verabsoluteer, deur sinodebesluite tot 'n wesenlike saak verklaar en selfs deur sommige as gronde vir uitbanning beskou.
- Die ander voorskrifte aan vroue wat Paulus in 1 Timoteus 2:9-3:1 noem, word feitlik geïgnoreer, en word nêrens in die Gereformeerde kerkpraktyk met dieselfde gewig as tugwaardige "sondes" hanteer nie.
- Sulke inkonsekwente Skrifverklaring en toepassing is onwetenskaplik, onaanvaarbaar en verdag. Die oorsprong hiervan rus nie in gedeë eksegese nie, maar lê dalk eerder in onbewuste sosiopolitiese angst en/of in ingeteelde patriargie. Hieroor moet ons onsself ondersoek. DK

## Groot opgewondenheid oor *Die Kerkblad* se Wildtuinkamp

Die nagenoeg 50 lidmate wat van 27 April tot 1 Mei in Onder Sabie saamtrek, maak hulle gereed vir 'n onvergeetlike ervaring. Dit is nou kosspanne indeel en alles in plek te kry vir goeie samesyn. Dit sluit in toerusting, ontspanning, erediens en elke aand se Boekevat. Ons hoop om in die Junie-uitgawe ons ervarings met ons lesers te deel. Hou hierdie spasie dop!

**Die Bemarkingsafdeling, DIE KERKBLAD, Posbus 20004, Noordbrug 2522. Tel: 018 297-3989. Faks: 018 293-1042. E-posadres: wymiedup@gksa.co.za TARIEWE: Advertensies en kleinadvertensies: Op aanvraag beskikbaar. Berigte: R0,20 per woord (min. R5,00) plus R2,20 per sentimeterkolom vir 'n foto. BTW is ingesluit. Volledige besonderhede is by bostaande adres beskikbaar.**

## VAKANSIE EN VERBLYF

### NATALSE SUIDKUS

**UVONGO:** LA CRETE SANDS. Moderne en luukse vakansiewoonstel met 'n 180º volle see- en branderuitsig. Reg oorkant die see en reg langs die swemstrand in Uvongo. Eenheid slaap 6 persone; 'n braai-area op jou eie balkon; dubbel toesluitmotorhuis; swembad; volle DSTV-pakket; WiFi; volledig toegeruste kombuis, insluitende wasmasjien, tuimeldroër en skottelgoedwasser. Skakel Luzelle by 071 686 4639 of stuur 'n e-pos na luzelle@uvongoholidays.co.za en kyk gerus na my webblad by www.uvongoholidays.co.za

**DOONSIDE (SHANGRI LA):** (Twee km suid vanaf Amanzimtoti.) Twee- en drieslaapkamer vakansiewoonstelle vir tot 9 persone teen die strand. Rustige omgewing, vriendelike kompleks, see-uitsig, beveiligde onderdakparkering, kleur-TV, ens. Braaiplek en swembad op perseel. Privaatbesit, billike tariewe. Skakel asseblief 082 390 9465. E-pos: lettiefour@gmail.com

### WESKAAP / TUINROETE

**GLENTANA:** Strandhuis met 4 slaapkamers, 4 badkamers, ens. in lieflike omgewing. Toegerus vir 9 persone. Loopafstand vanaf swemstrand. Fantastiese uitsig oor die see en swemstrand. Buiteseisoen: R850 per dag (minimum 5 dae). Ander tye se tarief op aanvraag: Skakel 084 504 6640.

**STELLENBOSCH:** KIERIE KWAAK selfhelpeenhede en gastehuis (2, 3 en 10 persone) geleë op 'n plaas buite Stellenbosch. Skakel Sonja of Koos van Zyl: faks/tel 021 883 3163 / 082 551 4784 of www.kieriekwaak.co.za vir verdere inligting.

### MPUMALANGA

**DULLSTROOM:** Volledig toegeruste 5-slaapkamerhuis op 'n plaas, 10 km vanaf Dullstroom. Ontbyt op aanvraag. Visvang, stap, ens. Skakel Sarie 082 550 1126.

### VRYSTAAT

**BLOEMFONTEIN OORNAG:** Luukse oornagwoonstel met veilige parkering, TV. Skoon en netjies. Gasvrye en rustige atmosfeer. Skakel 051 522 6035 of 082 726 9959.

---

## BOEKEDEURPROF.VED'ASSONVILLE

*Pryse sluit nie verpakkingskoste en posgeld in nie. 'n Standaard afleweringsfooi van R100 word gehef vir 'n bestelling tussen 1 en 10 boeke, binne die grense van Suid-Afrika.*
*Bestel by: Marnix, Posbus 4045, Mokopane, 0060. Tel: 082 441 5461 (Millie Wyma). E-pos: milliewyma@ballmail.co.za of www.marnix.co.za*


***Dit is Totius*** (Biografie, hardeband, 284pp. met 50 foto's) R75
S.J. du Toit van die Paarl (Biografie, hardeband, 450pp. & 50 foto's) R150
***Bloedrivier*** (Een van die grootste dramas in Afrika – keerpunt van 'n beskawing. Gelamineerde sagteband, 70pp. met foto's) (Ook in Engels) R60
***Die Groot Diamantroof*** (Anneksasie van die Vrystaatse diamantvelde. Gelamineerde sagteband, 116 pp. met foto's) R130
***Die Van der Merwes van Middendeel*** (Geskryf saam met Nico vd Merwe. Gelamineerde sagteband, 166pp. met foto's) R150
***Generaal de Wet in die Vredefortkoepel*** (Gelamineerde sagteband, 240 pp. met ou foto's tydens die oorlog en moderne foto's van die plekke vandag) R150
***Kruger en Rhodes*** (Die berugte Jameson-inval in 1896 en die aanslag van Milner teen Transvaal in 1899. Gelamineerde sagteband, 82pp. met foto's) R60
***Majuba*** (Ongelooflike Boere-oorwinning oor Groot-Brittanje op 27 Feb. 1881. Gelamineerde sagteband, 75pp. met foto's) (Ook in Engels) R6S0
***Op die Bodem van die Vaaldam*** (Dramatiese geskiedenis van 'n Boereplaas wat in 1936 deur die Vaaldam se waters toegestoot is. Die aangrypende episodes van hierdie mense in die Anglo-Boereoorlog, die krygsgevange- en konsentrasiekampe en die Rebellie van 1914 saam met Genl. de Wet. Gelamineerde sagteband, 211pp. 55 foto's) R100
***"O Vaalrivier … Broederstroom!"*** (Rebellie 1914. Gelamineerde sagteband, 148 pp. met foto's) R135
***Totius se Oorlogsdagboek*** (Die digter Totius se ervarings as Kaapse rebel 1899-1900. Gelamineerde sagteband, 72pp. met foto's) R60
***Calvyn verdedig sy stad*** (Die geskiedenis rondom een van Calvyn se belangrikste geskrifte. sagteband, 16pp.) R5
***Die boek Openbaring*** (Lig van God se Woord op wêreldgebeure. 2de nuutverwerkte uitgawe. Gelamineerde sagteband, 250pp.) R90
***The Book of Revelation*** (Gelamineerde sagteband, 126pp.) R90
***Die koms van Christus en die Antichris*** (Die kerk wag elke dag op die koms van Jesus Christus. Die Antichris is egter alreeds daar, maar word tans nog teëgehou totdat die Evangelie klaar verkondig is. Kardinale vrae beantwoord. Gelamineerde sagteband, 104pp.) R60
***Die Psalms sing van Christus*** ('n Dagboek oor die Psalms wat ons van God se beloftes verseker. Gelamineerde sagteband, 194pp.) R90
***Gereformeerde Doopsformulier*** (God se beloftes en eise aan ons. Hardeband, 114pp.) R10
***Bakens vir die Kerkgeskiedenis*** (Die geskiedenis van die kerk van Pinkster tot by die 17de eeu. Hardeband, 102pp.) R10
***Kerk op die Wit Hooglande*** ('n Gedenkboek oor die Gereformeerde Kerke in Kenia met volledige doopregisters. Hardeband, 128pp. met baie foto's) R50
***Eugène Marais en die Waterberge*** (Onbekende voorvalle met mense, diere en plante. Gelamineerde sagteband. 76pp. met gekleurde foto's) (Ook in Engels) R100

# POTCHEFSTROOM TEOLOGIESE PUBLIKASIES (PTP)


POTCHEFSTROOM TEOLOGIESE • THEOLOGICAL

is 'n uitgewersmaatskappy wat hom beywer vir die bevordering van die gereformeerde teologiese wetenskap deur die publikasie van:


- vakkundige literatuur (akademiese boeke wat deur vakkundiges en teologiese studente geraadpleeg sal word)
- populêr-wetenskaplike literatuur (boeke wat wetenskaplik begrond is, maar wat in 'n populêre styl aangebied word vir die populêre mark)
- Christelike stigtelike literatuur (geskenk- of Bybelstudieboeke)





**R100.00**
**(posgeld en verpakking uitgesluit)**




**R100.00**
**(posgeld en verpakking uitgesluit)**




**R99.00**
**(posgeld en verpakking uitgesluit)**




**R200.00**
**(posgeld en verpakking uitgesluit)**


**BESOEK GERUS ONS WEBBLAD**

**www.ptpboeke.co.za en ons Facebook-blad**

**Potchefstroom Teologiese Publikasies**

**BESTEL BY: PETRO KROEZE, ADMINISTRATIEWE BURO**
**Tel. 018 297 3986; faks 018 293 1042; e-pos bestellings@gksa.co.za**

# BOEKE BY DIE ADMINISTRATIEWE BURO




**R75.00**
**(posgeld en verpakking uitgesluit)**

**R65.00**
**(posgeld en verpakking uitgesluit)**







**R50.00**
**(posgeld en verpakking uitgesluit)**

**R50.00**
**(posgeld en verpakking uitgesluit)**




**Bestel by: Administratiewe Buro, Afdeling Publikasies, Posbus 20008, Noordbrug 2522; faks 018 293 1042; e-pos bestellings@gksa.co.za**

**Stuur artikels of briewe aan**
**Die Kerkblad: Posbus 20008, Noordbrug 2522; faks 018 293 1042**
**E-posadres: kerkblad@gksa.co.za (kopieredakteur)**
**anberg@absamail.co.za (redakteur)**